

# Eksodus 3:1-15

## God openbaar Hom aan Moses

1Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep die woestyn in gejaag totdat hy by Horeb, die berg van God, gekom het. 2Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie. 3En Moses sê vir homself: "Ek wil tog 'n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?" 4Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!" En hy antwoord: "Hier is ek." 5Die Here sê toe vir hom: "Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond." 6Verder sê Hy: "Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob." Toe maak Moses sy gesig toe, want hy was bang om na God te kyk. 7Daarna sê die Here: "Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. 8Daarom het Ek afgekóm om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Dit is die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete. 9Die noodkrete van die Israëliete het My bereik, en Ek het ook aanskou hoe Egipte hulle verdruk. 10Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israëliete, uit Egipte kan bevry." 11Toe sê Moses vir God: "Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israëliete uit Egipte sou bevry?" 12God het Moses geantwoord: "Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dit wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid." 13Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israëliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?" 14Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israëliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur." 15Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die Israëliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.

# VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

## Maandag (oor)

- 1 Wat hoor jy?
- 2 Wat was Moses besig om te doen?
- 3 Is ons soms so besig ons mis God se openbaring of verskynings in ons lewe, wat is die dinge wat jou besig hou?
- 4 Het jy God vandag ervaar?

## Dinsdag (oë)

- 1 Wat sien jy?
- 2 Wat dink jy het moes gesien in die brandbos, hoe het dit gelyk?
- 3 God ontmoet ons soms op die plekke wara ons dit die minste verwag, kan jy aan voorbeelde dink

## Woensdag (hartjie)

- 1 Wat ervaar jy ?
- 2 Hoe stel God Homself aan Moses bekend?
- 3 Wat beteken dit vir ons vandag?
- 4 Hoe ervaar jy God?

## Donderdag (hand)

- 1 Wat vra God vir Moses om te gaan doen?
2. Wat vra God van jou?
3. Hoe reageer ons elke situasie as God iets van ons vra?

## INKLEUR PRENTJIE VIR DIE WEEK

DAAR SAL N WENNER IN ELKE OUDERDOMSGROEP GEKIES WORD  
VIR DIE KIND WAT DIE MOOISTE IN GEKLEUR HET

Week 1:  Identiteit

